SA GEMEENTE
SA CONGREGATION




“Want die Genade van God wat verlossing bring, het aan alle mense verskyn.” Titus 2:11

# Maandelikse Bybel Bespreking

## Alles in Genade en getuienis

As ’n mens oor ’n gemeente se geskiedenis dink — of dit nou die oudste gemeente in Suid-Afrika is, of een van die oudste gemeentes in die Verenigde Koninkryk — dan ontdek jy iets merkwaardig: geen gemeente bestaan uit eie krag nie. Geboue kan bly staan. Name kan oor eeue voortleef. Maar wat ’n gemeente dra, is nie strukture nie — dit is genade.

Genade is die ongesiene fondament van elke gemeente. Dit onderlê elke erediens, elke doop, elke nagmaalstafel, elke traan wat stil gebid word. Dit is genade wat mense bymekaar bring rondom die Woord en sakramente. Dit is genade wat deur uitdagings, verskille, emigrasie, ekonomiese druk en kultuurverskuiwings ’n geloofsgemeenskap laat aanhou asemhaal. Wanneer ’n gemeente oor dekades – soms selfs oor eeue – bly voortbestaan, is dit eintlik ’n stille getuienis: Christus bou sy kerk. Nie ons strategieë nie. Nie ons programme nie. God. Alles in genade. En as ons eerlik is, is dit ook so vir óns, SA Gemeente. Ons bestaan nie omdat ons sterk is nie, maar omdat God getrou is.

Maar genade vra ook ‘n antwoord. Ons reaksie. Elke generasie en geslag moet weer besluit om te vergader, om te luister, om te aanbid, om deel te neem, om saam tafel toe te kom. Gemeente-wees is nie bloot ’n erfenis wat vanself oorgedra en voortgesit word nie – dit is ’n voorreg wat gekoester, opgeneem, oorvertel en geleef moet word. Ons voortbestaan is nie gewaarborg nie. Ons gasvryheid en getuienis is ons verantwoordelikheid.
As genade ons tot hier gedra het, dan is ons deelname vandag die brug na môre.

So, wanneer ons saamkom, kies ons om deel te wees van iets groter as onsself – ’n verhaal wat lank voor ons begin het en, God gewillig, lank ná ons sal voortgaan.
Christus is alles. En in Hom is ons gemeente se verlede, hede en toekoms veilig.

Mag ons geslag bekend staan as dié gelowiges wat nie net genade ontvang het nie — maar dit met getroue getuienis geleef, gedeel en oorgedra het.
Andrè

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Tema vir die Maand

## Alles In Genade

### Genade. Geloof. Gewoonte.

Genade begin altyd by God. Nie by ons inspanning of ons geestelike prestasie nie. Die Reformasie het dit eenvoudig gestel: Sola Gratia — uit genade alleen. “Want uit genade is julle gered, deur die geloof” (Efesiërs 2:8). Genade is die gawe wat God vrylik gee. Geloof is die hand wat ontvang.
En juis in Lydenstyd word ons weer stil by hierdie waarheid: ons verlossing lê nie in wat óns doen nie, maar in wat Christus gedoen het – aan die kruis, in liefde.

Maar hoe bly ons naby hierdie genade? Hoe maak ek dit deel van my lewe? Deur geloofsgewoontes. Gesonde geloofsgewoontes is nie ’n manier om iets te verdien nie, maar is “plekke en tye“ waar God gesê het, Hy ons sal ontmoet. Wanneer ons saam vergader, saam bid, saam luister na die Woord en saam aan die tafel van die Here sit, plaas ons onsself doelbewus by die Bron – in God se teenwoordigheid.

Lydenstyd nooi ons juis om stadiger te leef, dieper te luister en weer bewus te word van Christus se lyding — nie alleen nie, maar as Sy liggaam.

“Laat ons ons onderlinge byeenkomste nie versaak nie … maar mekaar aanmoedig” (Hebreërs 10:25). Gemeente-wees is nie bloot ’n gewoonte nie; dit is ’n genade-ritme. Genade gee lewe. Geloof ontvang dit. Geloofs-Gewoonte hou ons naby die kruis en naby mekaar.

Kom ons maak in hierdie Lydenstyd weer ruimte om sáám voor die Here te kom.

Andrè

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK •MAART 2026

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

## IN HIERDIE UITGAWE


DAMES ONTBYT
MANNE ONTBYT
GAIN ONDERSTEUNING
MANNE NAWEEK
DIE DAG TOE EK BEGIN LEEF HET
MY HULP IS VAN DIE HERE WAT HEMEL EN AARDE GEMAAK HET.
KONTAK ONS




# Dames Ontbyt
# 7 Maart 2026
# 9 uur

## Carpino Lounge
## 183 High Street, Epping, CM16 4BH

ONS VROUE GAAN HEERLIK SAAM KUIER EN ONTBYT GENIET!!
DAAR GAAN OOK 'N GELEENTHEID WEES OM KREATIEF TE WEES.

ALMAL BETAAL VIR HULSELF OP DIE DAG
HIER IS DIE SPYSKAART
KIES ASB JOU ONTBYT,
DIT MOET IN WEES BY DIE 27 FEBRUARIE ASB

DAAR IS PARKERING IN DIE MULTI STORY CARPARK, PAY & DISPLAY

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK •MAART 2026

# Manne ontbyt



Ons Manne-oggend aan die einde van Januarie by die Shepherd & Dog pub in Crays Hill was 'n heerlike, betekenisvolle begin vir 2026. Tussen 'n stewige ontbyt en goeie koffie het die manne lekker gekuier, gelag en sommer vinnig diep gesels.

Ons het kortliks vorentoe gekyk na die Mannekamp en stilgestaan by die tema: Jou Ware Noord – daardie vaste rigtingwyser in 'n wêreld wat maklik draai.

Vanuit Psalm 1 het ons mekaar herinner dat ons vreugde, krag, vertroosting en rigting in die Woord van die Here lê. Dit was en is duidelik: manne wíl deel wees, wíl groei, wíl saam sterker staan.
Ons sien uit na 'n jaar waarin ons bande versterk met God en mekaar. As jy nog nie vir die Mannekamp ingeskryf het nie, maak gerus seker jy sluit aan – jy wil dit nie misloop nie!
Ons sien uit om jou by die volgende geleenthede te sien!

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# GAiN Ondersteuning




**GAiN Ondersteuning**

Ons het 'n versoek ontvang vir hulp om klere vir GAIN, 'n liefdadigheidsorganisasie, bymekaar te maak.
'n Beroep is op die gemeente en vriende gedoen, en die reaksie was ongelooflik.

'n Groot hoeveelheid warm klere, baadjies, komberse, duvets en selfs gehekelde komberse is geskenk – altesaam ongeveer 300kg se items.
Al is dit dalk net 'n klein bydrae, glo ons dit sal 'n groot verskil in iemand se lewe maak.

Baie dankie aan elkeen wat so gewillig bygedra het.
Julle ondersteuning word opreg waardeer.
Elmarie, Dana en Ena





# GAiN Ondersteuning










SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Manne Naweek



## Manne Naweek 2026
## 27-29 Maart

### Navigasie - waarheen is jou kompas gestel?

Kom deel in 'n betekenisvolle, bemoedigende en avontuurlike naweek saam met ander manne, onder leiding van Kobus van Rensburg, by die Frontier Centre, Addington Road, Northampton, NN9 5UH.

Dit beloof om 'n tyd van groei, broederskap en geestelike rigting te wees.

• £150 per volwassene; • £70 per seun (10–16 jaar)

Navrae:
Hennie – 079 3434 1879
Frikkie – 075 0691 8027
Andre - 07841029307

Mannekamp 2026 (27-29 Maart)
WhatsApp group

Skryf asseblief so gou moontlik in.

Ons sien uit daarna om jou daar te hê
en saam nuwe rigting te ontdek.

# Die Dag Toe Ek Begin Leef Het

Haar naam is Constance. Sy is 67 jaar oud, en het nooit gedink 'n gewone Dinsdag sou haar hele manier van leef verander nie.

Sy was oppad na 'n afskeids-tee vir haar voormalige kollega Robert – 'n eenvoudige byeenkoms by die Gemeenskap-saal. Maar sy het by die verkeerde deur in gestap. Selfde gebou. Verkeerde deur. Sy het gedink sy is vroeg, en het maar gesit en gewag. Sy het na die mense gekyk en niemand herken nie- maar die gebou is groot, en sy sou nie noodwendig almal ken nie.

Toe begin mense stories vertel.
Nie oor Robert nie – maar oor 'n vrou wat hulle wou bedank vir haar jare lange goedheid in die buurt. Sy het nie geweet wie sy was nie, maar het aandagtig geluister.
'n Posbode het opgestaan en vertel hoe sy in die somer elke dag vir hom 'n bottel water gelos het, en in die winter warm koffie.
'n Tienermeisie het vertel hoe sy op die vrou se stoep gaan sit het wanneer dinge by die huis moeilik geraak het. Die vrou het nooit gevra wat fout is nie – sy het net by haar gesit, en vir haar vrugtesap gegee.
'n Ouer man het vertel hoe hy, toe hy haweloos was, altyd kos in 'n boksie gekry het met 'n klein briefie: "Jy maak saak."
Een na die ander het mense opgestaan. Klein stories. Groot liefde.

Sy het daar gesit en haar verwonder oor die vrou wat sy nooit ontmoet het nie – iemand wat 'n stil, eenvoudige lewe geleef het, maar mense diep geraak het - deur hulle net raak te sien.
Toe noem hulle haar naam. "Constance Parker."

Haar naam. Haar ouderdom. Haar dorp.
Sy het verward vorentoe geloop. Dit was nie sy nie – dit was 'n ander Constance, met 'n ander adres. Maar vir 'n oomblik het dit gevoel asof sy na 'n weergawe van haarself kyk... 'n weergawe wat dalk sy kon wees, as sy net 'n bietjie anders geleef het.

Sy het die vertrek stil verlaat en uiteindelik by Robert se tee-en-koek uitgekom. Mense het gesê hy was betroubaar. Stiptelik. 'n Goeie werker. Maar niemand het gepraat van waterbottels, koeldrank of briefies wat sê "Jy maak saak" nie.

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK •MAART 2026

# Die Dag Toe Ek Begin Leef Het

Daardie aand het sy by die huis gaan sit en gedink: “Wat sou hulle oor haar sê? Wat sou hulle onthou?”

Die volgende dag het sy klein veranderings begin maak.
Sy het water vir die posbode gelos. Koffie vir die afleweringsmanne. ’n Dankie-briefie vir die vullisverwyderaars. Sy het op haar stoep gaan sit en mense gegroet. Begin luister. Begin sien.

Een middag het ’n jong meisie op haar trappies kom sit. Die meisie het niks gesê nie. Sy ook nie. Sy het net vir haar ’n glas vrugtesap gegee en langs haar gaan sit. ’n Week later het haar ma aan die deur geklop en gesê:
“Dankie dat u vir Kayla ’n veilige plek gee. Sy het dit nodig.”

Sy het besef:
Sy doen nie groot dinge nie.
Sy is net daar.
En dit is genoeg om iemand se wêreld ligter te maak.

’n Paar dae later het sy teruggestap na die gemeenskapsaal. Nie vir ’n afskeid tee nie – net om ’n bos blomme op die tafel neer te sit waar hulle die ‘ander’ Constance se foto gehad het. Sy het gefluister: “Dankie dat jy my gewys het hoe om te leef.”

Sy het per ongeluk in ’n storie ingestap wat haar eie lewe weerspieël het – en dit het haar wakker gemaak.

Ons dink nalatenskap is groot prestasies. Maar die ware nalatenskap is die posbode wat onthou dat jy hom gesien het. Die tiener wat veilig voel op jou stoep. Die vreemdeling wat weet hy maak saak.
Dit is nooit te laat om die mens te word wat jy wens jy was nie.

Begin vandag.
Sien iemand.
Erken iemand.
Sit langs iemand.
Want eendag, wanneer mense oor jou praat, is dit genoeg as hulle kan sê: “Jy het my laat voel ek is waardevol.”

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# My hulp is van die Here wat hemel en aarde gemaak het.

## Psalm 121 - 'n Verwerking

My hulp is van Hom wat die son elke oggend wakker maak en vir die maan sê hoe laat hy moet gaan slaap. My hulp is van Hom wat vir die see 'n lyn in die sand trek, en vir die branders sê waar hulle mag breek. My hulp is van Hom wat die berge in die palm van Sy hand balanseer, van Hom wat vir die swaeltjie genoeg krag gee om te trek wanneer dit nodig is. My hulp is van Hom wat die klipspringetjie help om op die rotse te balanseer. My hulp is van Hom wat weet wat my naam is, wat my hart se bang en onsekerheid ken, wat weet waar ek bly en waar ek wegkruip. My hulp is van Hom wat die hemel en die aarde en vir my met soveel liefde en sorg gemaak het.

Dit is Hy wat die vliegtuie en die skepe stop, sodat die aarde weer kan asemskep. Dit is Hy wat horlosies se tyd laat stilstaan, sodat mense weer kan leer om te wees, en nie net om te doen nie. Dit is Hy wat mense een vir een onder een dak bymekaar maak, en hulle daaraan herinner dat hulle 'n gesin is. Dit is Hy wat die roetine en gejaag wegvat, en kinderlaggies om 'n bordspeletjie laat baljaar.

Dit is Hy wat mense leer om mekaar weer in die oë te kyk en uit die hart uit te gesels. Dit is Hy wat Sy kerk na mense se huise toe vat, sodat almal Sy woord kan hoor, nie net op 'n Sondag nie, maar elke dag. Dit is Hy wat die boodskap van hoop sag en stil van een huis na 'n ander oordra. Dit is Hy wat seker maak dat gesinne weer saam bid en Bybel lees. Dit is Hy wat die duisende slagoffers wat oorweldig word deur die berg, stil in Sy arms toevou en hulle verseker dat Hy hulle nooit sal los nie. Dit is Hy wat vir ons gesê het dat ons dit in hierdie wêreld nie altyd maklik sal hê nie. Dit is Hy wat belowe het dat Hy by ons sal wees; vandag, môre en totdat ons vir altyd by Hom gaan bly.

Ek kyk op na die berg wat so stil-stil in my wêreld kom staan het. Wie gaan my help om verby hierdie berg te kom? My hulp is van die Here. Nou en vir altyd."
Amen.

Corona-Verwerking van Psalm 121.

*Mag Psalm 121 jou altyd herinner jou hulp kom van die Here.*

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK •MAART 2026

# Die kruis teen die muur

...Die swem instrukteur van 'n Amerikaanse universiteit kon een nag nie slaap nie. Hy besluit om te gaan swem. Om nie aandag te trek nie, skakel hy nie die ligte aan nie. Hy het die omgewing van die swembad soos die palm van sy hand geken.

Hy klim op die duikplank, strek sy arms na weerskante uit en maak gereed om te duik. Op daardie oomblik kom die maan agter 'n wolk uit en gooi sy liggaam se skaduwee teen die oorkanste muur. Die skaduwee lyk soos 'n kruis. Diep getref bly hy net so staan.
Hy was nie 'n belydende Christen nie, maar daar op die duikplank in die maanlig, dink hy aan Christus se kruis. Woorde van 'n lied wat hy in die Sondagskool geleer het, kom in sy gedagte op: "Hy het gesterf, dat ek kon leef ..." Vreemd aangedaan, prewel hy die woorde.

Hy besluit om af te klim en langs die swembad te gaan sit en die nuwe gedagtes wat so vreemd, skielik by hom opkom te gaan oordink. Hy swaai sy bene oor die kant van die swembad om sy voete in die koel water te laat hang.

Sy voete raak nie water nie. Dit is te donker om in die swembad te sien, en hy klim stadig met die trappies af, een vir een, tot op die bodem van die swembad. Hy het nie geweet die swembad opsigter het die water uitgepomp om die volgende dag skoon water te laat inloop nie.

Wat as hy geduik het? Watter onuitspreeklike ingryping van genade wat hom weerhou het om te duik!

Diep aangedaan, kniel hy op die koue vloer van die swembad en dank GOD vir Sy groot en onverdiende ontferming. In sy hart wel 'n verlange op om nader aan hierdie GOD te kom.

Die skaduwee van die kruis het hom van 'n gewisse dood gered, so red Christus se kruisdood hom van die ewige dood. Alleen, knielend in die donker op die swembad se vloer, maak hy sy hart oop en neem Christus Jesus aan as sy Saligmaker!

Hy deel dit graag met almal, sodat almal kan sien hoe groot GOD se genade vir ons as mens is.

PSALM 37: 5 Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom, Hy sal sorg.

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

## KALENDER

1 MAART HUISKERK 9 UUR

8 MAART EREDIENS 9 UUR

15 MAART HUISKERK 9 UUR

22 MAART EREDIENS 9 UUR

## My Genade is Vir Jou Genoeg

Met 'n stem vol liefde, so sag en so teer
Fluister Jesus Christus
My kind lê jou hoof op My skoot neer.
Vergeet van jou probleme en al jou smart
Vergeet van satan wat jou uitlok en tart
Vergeet van die las wat swaar op jou rus
Vergeet van jou sonde, dis reeds uitgewis
Maak net jou oë toe en luister na My stem
Jy is Myne, lank voor tyd het Ek jou geken
Jy is tot alles instaat deur My krag wat Ek jou gee,
Ek sal jou paaie gelyk maak, as jy My ken in jou weë
Ek is jou Rots, jou Verlosser, by My kan jy skuil
Ek wil jou teen My vashou, jou troos as jy huil
Ek wil vir jou gee meer as wat jy My vra
Ek wil langs jou wandel en jou laste dra
Ek wil hê jy moet weet Ek het ook vir jou die prys betaal
Moenie opgee nie, maak nie saak hoeveel maal jy faal
Ek vra nie wees perfek nie, Ek vra net dat jy probeer
Wanneer jy val, moenie bly lê nie, staan op, probeer weer
My genade is vir jou genoeg!!

# Kontak Andre Harmzen



**Erediens Tye**
Ons Eredienste is elke 2de en 4de Sondag van die maand om 09:00

**Adres:**
Theydon Bois Village Hall, Coppice Row
Theydon Bois, CM16 7ER

Andrè Harmzen
16 Baldocks Road
Theydon Bois
CM16 7EB
Epos: andre@sagemeente.com


**Kontak ons:**
**Webblad:** noordwyk.sagemeente.com
**Facebook Blad:** SA Gemeente Loughton

**Dankoffers.**
**Vir £10 Text RSAG002 na 70191**
Vir direkte inbetaling:
SA Congregation
HSBC
40-22-05
91374265

PayPal
Scan. Pay. Go.

**Jy kan ook deur Paypal betaal by:**
Paypal.me/SAGemeente
Sit net 'n beskrywing in die nota sodat ons weet waarvoor dit is.
Sê ook vir watter wyk- Loughton
**Stuur asb ook 'n epos na Marlene by bank@sagemeente.com met jou naam en wyk. (Loughton)**

# Kontak Ena



Ena Wassermann
Epos: ena@sagemeente.com

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK •MAART 2026